education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRHL.3

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2010

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

MIDDAGSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C: Korter Teks – Transaksioneel/Naslaan/Informatief	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet beplan (byvoorbeeld met 'n breinkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde ensovoorts), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet voor elke skryfstuk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Jy behoort 80 minute aan AFDELING A te bestee, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Maanlignag… **[50]**

OF

1.2 Ouerbetrokkenheid by skolesport **[50]**

OF

1.3 Dit kan nie wees nie … **[50]**

OF

1.4 Suid-Afrika se grootste bate is ons natuur **[50]**

OF

1.5 ***"Ek dink aan jou as die jakaranda kleur"***

[Pieter Smit uit die liedjie *Soms*] **[50]**

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en ontwikkel jou eie tema.

1.6.1

[Uit: *Car*, November 2007] **[50]**

OF

1.6.2



[Uit: *Rooi Rose*, Januarie 2008] **[50]**

OF

1.6.3



[Uit: *Suid-Afrikaanse Jaarboek*, 2008/09]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

2.1 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het ondersoek ingestel na die toestande by jou plaaslike Dierebeskermingsvereniging. Stel 'n **INFORMELE VERSLAG** saam waarin jy jou bevindinge weergee.

Groot kampe vir honde om met mekaar te speel en rond te hardloop

Vrieskas om bederfbare kos te berg

Elke hondehok het 'n warm kombers

[30]

OF

2.2 **FORMELE BRIEF**

- Afrikaans word al minder op televisie gehoor.
- Programme in Afrikaans is skaars.

Skryf 'n **FORMELE BRIEF** aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie waarin jy jou besorgdheid hieroor uitspreek. Doen voorstelle aan die hand oor hoe hierdie saak reggestel kan word. **[30]**

OF

2.3 **RUBRIEK**

Skryf 'n **RUBRIEK** oor die volgende onderwerp:

Hoe om 'n gesonde leefstyl te handhaaf.

Wys op die voordele van 'n gesonde dieet en gereelde oefening. **[30]**

OF

2.4 **RESENSIE**

Skryf 'n **FLIEKRESENSIE** oor ENIGE lokettreffer.

District 9 Transformers 2 New Moon

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 **PLAKKAAT**

Skryf die bewoording van 'n **PLAKKAAT** wat in jou dorp/stad aangebring gaan word om mense te motiveer om betrokke te raak by die bekamping van misdaad.

LET WEL: Die gebruik van kleur en kreatiewe uiteensetting word nie geassesseer nie. **[20]**

OF

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

[Uit: *Rooi Rose,* September 2007]

Jy het onlangs die geleentheid gehad om die Matriekafskeid saam met die ou/meisie van jou drome by te woon. Skryf oor dié geleentheid in jou **DAGBOEK.**

[20]

OF

3.3 **VORMS**

Jy het onlangs by 'n nuwe restaurant in jou omgewing gaan eet. Die eienaar vra jou om 'n **EVALUERINGSVORM** oor die ervaring in te vul. Bied slegs die inhoud van dié vorm aan en hou die volgende in gedagte:

- Naam, adres, kontakbesonderhede.
- Ouderdom, geslag.
- Wat dink jy van die atmosfeer?
- Lewer kommentaar oor die prys van die geregte en die keuses op die spyskaart.
- Wat dink jy van die diens?
- Sal jy weer die restaurant besoek of sal jy die restaurant aanbeveel? **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou